

30 Maart

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-9

Fokusgedeelte: Handeling 1:8

Die Heilige Gees gee ons die krag om Jesus Christus se lig orals te laat skyn

Wie die liggaam en die aardse dinge as minderwaardig teenoor die geestelike beskou, sal dit probeer ontvlug of sonder die nodige respek en eerbied hanteer. Selfs sover gaan as om te sê dat jou liggaam en alle ander aardse dinge boos is. Die ergste voorbeelde hiervan is die Roomse kloosters en ander groepe wat hulle heeltemal uit die wêreld onttrek, en diegene wat sê dit maak nie saak nie.

So 'n vergeesteliking van die godsdiens is vir ons as gelowiges onaanvaarbaar. Jesus Christus het na hierdie wêreld toe gekom juis om ons, ook wat betref die liggaamlike en stoflike, te herstel en te vernuwe. Ons as Christene bly steeds lede van ons huisgesin, deel van ons samelewing, burgers van ons land en alle ander plekke waar ons 'n rol het om te vervul. Ons is die sout van die aarde. Die deur Christus gestuurde lig vir die wêreld. Wanneer ons onself onttrek, dan verloor ons ons krag.

Die Here Jesus het ons met krag in die wêreld ingestuur om sy lig te laat skyn. Dit moet ons altyd onthou, die krag van die Heilige Gees is te groot om onder 'n emmer weg te steek. Maak nie saak wie ek is of waar ek is nie, die krag in my moet sy lig tot in die uithoeke van die wêreld laat skyn.

Sing: Psalm 145:1 (1936)

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Nelspruit)